Hoogland Feesdiens

OKTOBER

SONDAG 9 om 09:00

2022

Uit die Hart...

Vanaf 10 Oktober 2021 het Hoogland 'n Jubeljaar van vieringe gehad. Die Jubeljaar was 'n tyd van herstel, heroriënteer en herverbintenis aan God se roeping vir Hoogland: Geloof, deur liefde tot dade. Hierdie Jubeljaar loop uit op vandag se feestelike erediens wat 'n getuienis is van God se goedheid en sorg aan Hoogland.

Op hierdie dag kom nog drie elemente van Hoogland se vieringe byeen:

1) 'n Nuwe kanselkleed (Die simboliek word hieronder verduidelik.)
2) 'n Feesrapsodie vir Hoogland se 50ste bestaansjaar (sien programnotas op bl. 3 tot 4)
3) Hoogland se 50ste omgeedaad (bl. 4)
4) Die storielyn is voltooi en 'n feesbundel is saamgestel. (bl. 5-7)

Te same met alles wat die afgelope jaar gedoen, gehou en verkoop is, vier ons vandag fees tot eer van God. Ons doen dit in dankbaarheid vir 50 jaar, maar kyk in geloof, vertroue en nederigheid vorentoe vir die volgende 50 jaar.

Mag ons geloof dan steeds deur liefde tot dade oorgaan...

KANSELKLEED

(Elmarie Herholdt en Erina von Gordon)

Die ontwerp is teen warm kleure wat God se liefde simboliseer.

Van links bo is die sonstrale duidelik en herinner aan die Lig vir die wêreld.

Die goue halfsirkels is verteenwoordigend van die eerste simbool van die Drie-Eenheid. Verder vorm dit ook die vroeg-Christelike simbool van die vis as teken van geloof. Binne die goue halfsirkels is goue drade verweef wat herinner aan die goue draad van Christus se roeping van Sy kerk.

FEESRAPSODIE vir orrel (2022)

Colin Campbell

Uitgevoer deur Winand Grundling

Hoogland is vyftig jaar, aan God die eer!

Hoogland is vyftig jaar, ons vier nou fees!

Die bostaande twee lyne vorm die basis van 'n ritmiese motief (min of meer jambiese spraakstyl) wat die hooftema ritmies belyn. Die melodie is oorspronklik en nuut geskep om die hoogtepunt op God te fokus.



Die werk begin met 'n trompet-aankondiging, 'n fanfare, wat op die eerste twee mate van die tema gebaseer is. Daarna verskyn die watermotief: Gedurende my tyd as Musiekdirekteur by Hoogland, het water 'n belangrike rol in ons gemeente se vorming binne die missionale proses gespeel.

Die volledige tema verskyn teen die watermotief in die pedaal, waarna dit in die boonste stem verskyn en tot 'n hoogtepunt as 'n jubeling uitbars. Daarna verskyn Tema 2, as 'n reaksie.

Die hooftema keer terug in ‘n grootse akkoordstyl wat die einde van die eerste seksie sluit.

Die Slotdeel is ‘n jubelende Tokkate met virtuose passasies in die hande. Die hooftema verskyn weer in die pedaal, maar nou in ‘n metries-volmaakte vorm in 4/4 tyd. My gedagte is dat die hande as’t ware klokkespel naboots met die grootse melodie in die pedaal. Natuurlik moet dit met robuuste, volle orrelklank gebeur. Ten slotte doen die pedaal mee aan die Bravura klokkespel wat oor ‘n omvang van twee oktawe die werk in ‘n grootse einde afsluit.



NG KERK PE HOOGLAND

Storielyn in die voorportaal

In afwagting op die viering van Hoogland se Goue Jubileum op 8 Oktober 2022, word die breë geskiedenis van die gemeente uitgebeeld in die vorm van 'n storielyn. Dit word aangebied in die vorm van 'n groeiende, swewende installasie wat oor 'n jaar-tydperk aangevul is en op 2 Oktober 2022 voltooi is.

- ### Simboliek

Die installasie bestaan uit elf minimalistiese, eenvormige perspex plate, gemonteer op wegstaan-skroewe. Die "leë" plate ("*empty canvas*") is in Oktober 2021 eenmalig geïnstalleer as simbool van ons eie onvolmaaktheid en voortdurende groeiproses. Die lang deurlopende lyn wat die plate vorm, simboliseer ons Gemeente se Visie: **PE Hoogland is 'n rivier wat wyd vloei met die lewende water wat God gee. (Esegiël 47)** Sentraal tot hierdie visie en storielyn, is ons gemeenteleuse: **Geloof, deur liefde, tot dade.**

Dit vorm deel van die vloei van die installasie deur 'n eenvoudige vlekvrye staalplaat waaruit die woorde gesny is. Die deursigtige perspex-plate, verteenwoordig, nie alleen ons broosheid nie, maar ook ons blootgesteldheid - dog, sonder vrees vir oordeel - in God se genadige teenwoordigheid. Die eenvormigheid van die plate, simboliseer ons eenheid in Christus te midde van ons uniekheid.

- ### Uitleg

Elke tien jaar tydperk, word bekendgestel met 'n smal, vertikale kleurplaat in ooreenstemming met tradisionele huweliksherdenkingsgeskenke.

SILWER: (Aluminium of Tin) - Oktober 1972 – September 1982

BLOU: (Chinese Porselein) - Oktober 1982 – September 1992

PêREL: (Pêrels) – Oktober 1992 – September 2002

ROOI: (Robyne) – Oktober 2002 – September 2012

GOUD: (Goud) – Oktober 2012 – September 2022

1972 -1982 –SILWER

Ontstaan en Opbou van PE Hoogland



Bord 1: Ons wortels: van die eerste NG Kerk in Suid-Afrika, via Graaff -Reinet en Uitenhage tot in Port Elizabeth na Hoogland.
Bord 2: Die eerste leraar - ds. A.C.F. Koch (1972 – 1975)
Bord 3: Die eerste Kerkraad 1972 (in die skoolsaal van Laerskool Walmer-Wes) aanbiddingsruimte vir die eerste ses jaar.
Bord 4: Die leë erf(we) in Charlo, waarop die kerkgebou staan.



'n Noord-Oos aansig van die Kerkgebou

Voorstelling van die nuwe kerkgebou, deur mnr. Deon Hugo van Interplan Argitekte. (1976)



Kerkgebou en Leraars

Bord 1: Sooispit-geleentheid op 1 Mei 1977
Bord 2: Bouwerk – Mei 1977 – April 1978
Bord 3: Inwyding
Bord 4: Nog vier leraars word in die eerste tien jaar beroep: Van bo na onder is ds. Hannes van Wyk (1974 – 1978); ds. Francois Cillié(1976 – 1981); ds. Dawie Bredenkamp (1979 – 1987) en ds. Basie Fourie (1981 – 2008)

1982 – 1992 – BLOU

Kruise, Kombi's, Kinders en Kerkwees



Bord 1 & 2: Die Belydende Jeugaksie se veelbesproke Kombi
Bord 3: Jeugjaar 1985 – Die trapkar-aflos en Gholfdae gereël.
Bord 4: Die drie houtkruise wat in 1982 voor in die kerk aangebring is, staan sentraal as herinnering aan al die kruispaaie waarby Hoogland moes stilstaan; ds. Ben Pienaar en ds. Nico van Wyk. Die saal word uitgebou om plek te maak vir Sondagskoolklasse.

1992 -2002 – PÊREL



Hierdie plaat stel stroke oopgerolde fotofilm voor en simboliseer lig en ontwikkeling op die geloofspad. (Ps.119:105)
Bord 1: Evangelisasie-Uitreik na Namibië (1992)
Bord 2: Gemeente aktiwiteite – Kleingroepe

2002 – 2012 – ROBYN



Bord 1: Leraars in hierdie tydperk is bo: ds. Basie Fourie (1981 – 2008); ds. Danie Mouton (1993 - 2007) en ds. Eugene Malan (1998 - 2016) Onder is: ds Heinrich Alberts (2008 - 2015) en dr. Willem Fourie (2009 – 2010);
Bord 2: Eluthandweni – "die plek waar ons met liefde dien" 2002
Bord 3: Sending Uitreik na Turkye – 2006
Bord 4: Die nuwe Allen Quantum orrel word met 'n Feeskonsert ingewy – Oktober 2006



Die oprigting van die Gebedskapel

Borde 1 & 2: Die oprigting van die gebedskapel
Bord 3: Die storie van God se Voorsiening
Bord 4: Die drie simbole – Vader, Seun en Heilige Gees
Bord 5: Die voltooide kapel



Die Lewenspiraal

Verbond, Geboorte, Doop, Vorming, Verhoudings en Veertig Jaar van Genade. Ps 139:16 "U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in U boek opgeskryf nog voordat ek gebore is."

2012 – 2022 – GOUD



Verdwaal en verdeel

"It was the best of times, it was the worst of times, it was the age of wisdom, it was the age of foolishness, it was the epoch of belief, it was the epoch of incredulity, it was the season of light, it was the winter of despair…" (Charles Dickens)



God hou Sy Kerk in stand – ten spyte van

Bord 1: Personeel tussen 2012 en 2015
Bord 2: Die span wat die leisels in 2016 in geloof en met vaste vertroue bly vashou het.
Bord 3: 'n Nuwe Seisoen van Hoop – ds. Pieter Nel (2017 -) en ds. Thania Botha (2019 – 2021)
Bord 4: Annalize Dunn (2019 -) en Leon Cilliers (2022 -)
Bord 5: Personeel tussen 2016 en 2022



Die Fibonacci Sekwensie en die Goue Verhouding

Uit Hom en deur Hom en tot Hom, is alle dinge. Syne is die heerlikheid, tot in alle ewigheid. Amen. Rom. 11: 36

Soli Deo Gloria!

Bedankings en erkenning

◊ **Voorsitter van die 50-jaar Feeskomitee**: Prof. Albrecht Herholdt

◊ **50 Jaar Feeskomitee met vermelding van:**

- Elsabe & Francois Retief: storielyn in voorportaal en feesbundel
- Roelien Strydom: saamstel en uitleg van die Feesbundel
- Elmarie Herholdt & Erina von Gordon: kanselkleed
- Carla Botha – tydkapsule

◊ **Blomme:** Margaret vd Mescht & Susan Viljoen

◊ **Span vrywilligers met helpers en skinkers** wat die tee geleentheid voorberei het (o.l.v. Elmarie Herholdt/Reinette Strydom/Lynette Esterhuizen)

◊ **Musiek:** Hanlie Young

◊ **Instrumentaliste:**
Anél van Deemter, Kirsti Limbert, Reece Rivalland, Dylan Ocshe, Benji de Lange, Liska Mey, Anél Young, Sim Deli

◊ **Komponeer van Feesrapsodie**: Colin Campbell

◊ **Uitvoer van Feesrapsodie**: Winand Grundling

◊ **Voorsangers:** Reinette Strydom & Richard Moore

◊ **Sangsolo**: Sanet Nel

◊ **Klank:** Michael Mey

◊ **Data en beeldstroming:** Leandra Bonthuys

◊ **Foto's en videomateriaal**: Carla & Estienne Cronje (Kiekielief-fotografie)

◊ **Ouderleraars se deelname**
- Ds. Danie Mouton
- Dr. Francois Cillié
- Mev. Susan Pienaar (eggenote van wyle ds. Ben Pienaar)

◊ **Verwelkoming by die deure**:
Albrecht & Elmarie Herholdt, Emily & Kelvin Smith, Ilse & Pierre vd Watt, Marieta & Freddie Randall en Cecilia & Tommie Vermeulen

◊ **Kantoorpersoneel:**
Joseman Api, Leandra Bonthuys, Leon Cilliers, Saretta Dawson, Annalize Dunn, Magda Meintjes en Esther Sneli.